**INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS**

**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

| Bron nr. | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. |
| --- | --- | --- | --- |
| 0 0 4 3 | 9 8 0 4 1 7 1 0 7 | 8 | 3858 |

DIE BURGER Jg. 83 Nr. P. 15 Dat. 17 APR 1998

# Sasria dalk hof toe oor reserwes

KAAPSTAD. – Die Suid-Afrikaanse korttermyn-versekeringsbedryf wat lede van die SA Versekeringsvereniging vir Spesiale Risiko's (Sasria) is, gaan steeds voort met regstappe om die Regering te keer dat hy beslag lê op die fonds se reserwes van nagenoeg R8,5 miljard.

Die bedryf het verlede maand 'n regspan aangestel om die kwessie te bekyk waarvolgens die Regering sy staatskuld van byna R310 miljard met Sasria reserwes wil verminder.

Mnr. Mike Strydom, besturende direkteur van Sasria, was gister in gesprekke met die regspan oor die kwessie en was teen druktyd nog nie beskikbaar vir kommentaar nie.

Sasria, wat 'n doelgerigte versekeringsfonds vir skade en verliese weens onluste is, is in die jare sewentig begin omdat individuele korttermyn-versekeringsgroepe se risiko weens onlusskade baie groot was. Tans behoort 48 korttermyn-versekeringsgroepe, amper almal in die bedryf, aan Sasria.

Mnr. Trevor Manuel, Minister van Finansies, het in die Begroting verlede maand gesê die oorskotbates van Sasria gaan aangewend word om staatskuld te verminder.

'n Woordvoerder van Manuel, mnr. Logan Wort, kon gister nog nie vasstel hoe ver die Regering gevorder het met die plan om sowat 80% van Sasria se reserwes te gebruik om staatskuld te delg nie.

TREFWOORDE

1. Direkteur
2. SASRIA
3. Aflossing
4. Onluskade
5. Howe
6. Opmenings
7. Regering Nas Eenheid
8. Beslaglegging
9. Reserwes
10.